

Junior Kategese
9 Junie 2019
Handelinge 2: 1 - 21

Agtergrond:

Omdat mense in verskillende tale gepraat het was die verspreiding van die evangelie beperk, maar God het deur Sy Gees kom wys dat selfs verskillende tale nie die evangelie kan stop nie.

- 50 dae na Jesus se kruisiging word die Heilige Gees op die dissipels uitgestort soos belowe is baie lank terug.
- Baie Jode was in Jerusalem bymekaar vir die oesfees toe dit gebeur het.
- Die vlamme is 'n simbool daarvan dat God self teenwoordig is.
- Die Heilige Gees maak dat jongmense profete raak en gesigte sien (profeet = mense vertel wat God sê; gesigte = vir mense vertel hoe God se nuwe wêreld lyk).

Ysbreker (Hier en Nou)

Hoe sal jy die Heilige Gees verduidelik vir iemand wat nog nooit van Hom gehoor het nie?

Toe God sy Heilige Gees op Pinksterfees vir die mense gee het wonderlike dinge gebeur.

Kyk of julle kan sien watter dinge alles gebeur het in Handelinge 2: 1-21? Lees ook Handelinge 1:8.

Die Heilige Gees help Jesus se navolgers om die goeie nuus oor Jesus aan alle mense te vertel.

Wie almal wil God gebruik om hierdie goeie nuus oor Jesus te deel?

Moontlike AKTIWITEIT

✦ Leer die onderstaande sin vir die kinders deur middel van handgebare:

Die Heilige Gees is by my.

Word stil

Lees **Johannes 17: 20-26** as 'n gebed.

Dink na oor die gedagte dat God jou al voor die skepping liefgehad het

Wat sê die Bybel? (Daar en Dan)

Lees **die fokus teks**. As daar tyd is, kan elkeen dit weer op hulle eie lees.

Toe die dag van die Pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. ²Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. ³Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. ⁴Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen. ⁵Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon. ⁶Toe die mense die geluid hoor, het 'n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie. ⁷Verras en verbaas sê hulle toe: "Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs. ⁸Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal? ⁹Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië, ¹⁰Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome, ¹¹Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere—ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het." ¹²Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: "Wat kan dit tog beteken?" ¹³Maar party het gespot en gesê: "Hulle is dronk." ¹⁴Toe staan Petrus saam met die elf ander apostels op en onder leiding van die Heilige Gees spreek hy die mense toe: "Jode en julle almal wat in Jerusalem woon, ek moet vir julle verduidelik wat gebeur het. Luister na wat ek gaan sê: ¹⁵Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar nege-uur in die môre. ¹⁶Nee, hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het: ¹⁷Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom. ¹⁸Ja, op my dienaars en my dienaresses sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree. ¹⁹Ek sal tekens bo in die lug en wonders onder op die aarde gee: bloed en vuur en rookwolke. ²⁰Die son sal pikdonker word en die maan bloedrooi voordat die groot

en glorieryke dag van die Here kom. ²¹So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

Inligting vir die begeleier:

Verduidelik vir die kinders dat julle 'n nuus span is wat oor die teks 'n berig in die koerant moet skryf. Om dit reg te kan doen moet julle 'n onderhoud voer met een van die dissipels, Petrus. Gebruik 'n kamma mikrofoon om die onderhoud met iemand te voer (kry 'n volwassene wat saam met jou die teks voor die tyd deurgegaan het om Petrus te speel. Hy kan ook aantrek soos iemand in daardie tyd).

Hallo Petrus, ons wil net vir jou 'n paar vrae vra om ons artikel vir die koerant te kan skryf:

- Hoe het dit gevoel om so lank in die kamertjie te sit en bid?
- Wat het deur jou kop gegaan toe daar vlamme in die lug kom?
- Hoe het dit gevoel om te weet God is by julle?
- Hoe het jy geweet om in 'n ander taal te praat?
- Wat het jy gedink toe mense sê julle is dronk?
- Hoe het jy gevoel om te weet God se Gees is in jou?
- Hoe het dit gevoel om God se boodskap vir die mense te gee?

Dankie Petrus vir jou tyd. Hoop jy het 'n lekker dag verder.

Gesels dan hieroor:

- ✦ Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.

Hier (Emosiewiel):

- ✦ Vra vir die kinders hoe die storie hulle laat voel het.

Deel vir elke kind sy/haar handpennetjie uit. Vra vir die kinders hoe die teks hulle laat voel het. Gee vir die kinders kans om hulle handpennetjie op die emosie te plaas wat hulle gevoel het. Wanneer almal klaar is kan elke kind verduidelik hoekom hy/sy die spesifieke emosie gekies het.

Nou:

Bespreek die volgende 4 stellings n.a.v. Pinkster:

- ✦ “God kom Sy beloftes na.”
- ✦ “Selfs nie eens verskillende tale sal God se boodskap kan stop nie. “
- ✦ “Jy moet oop wees vir die Gees om deur jou te kan werk, al klink dit snaaks.”
- ✦ “Moenie bang wees om anders te wees om God se boodskap vir ander uit te dra nie.”

Nadat elkeen sy handpennetjie vasgesteek het by verhouding, vra waarom hulle die spesifieke verhouding gekies het.

Voor:

- ✦ Leer die onderstaande sin vir die kinders deur middel van handgebare:

Die Heilige Gees is by my.

Vra vir die kinders (onthou elkeen moet antwoord) wat was die beste en slegste ding wat met hulle gebeur het die week wat verby is.

Verder en Gebed:

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Vra vir God dat ons harte oop sal wees om die Heilige Gees te ontvang.